Hillcrest High School

Graad 12

Afrikaans Eerste Addisionele Taal V3

Mei 2018

PUNTE: 100

Tyd: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Opstel | (50) |
| AFDELING B: Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke BEPLAN, REDIGEER en PROEFLEES. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
7. Beplan jou tyd sò:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 20 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel / opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- **Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**

1.1 My toekomsdrome. [50]

1.2 'n Reis om te onthou. [50]

1.3 Die dag toe my lewe verander het. [50]

1.4 Ek was daar. [50]

1.5 'n Snaakse storie...... [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1




[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



**Totaal Afdeling A: [50]**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**

2.1 **HULDEBLYK**

Jou onderwyser / onderwyseres is onlangs oorlede.

Skryf 'n huldeblyk namens jou klasmaats wat jy by die begrafnisdiens oor hom/ haar gaan lewer, neer. [30]

2.2 **DIALOOG**

Jou maat gaan deur 'n moeilike tyd.

Skryf die dialoog tussen jou en jou maat neer waar jy hom / haar help om die situasie te hanteer. [30]

2.3 **RESENSIE**

Jy en jou gesin het 'n nuwe restaurant besoek.

Skryf 'n resensie vir 'n koerant oor die eetplek waarin jy die restaurant aanbeveel of nie. [30]

## 2.4 **INFORMELE BRIEF**

Jy het jou matriekafskeid gehad.

Skryf 'n informele brief aan jou maat wat oorsee woon, en vertel jou maat van die wonderlike aand wat jy gehad het. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**



**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**

**3.1 AANWYSINGS**

Jy het onlangs verhuis. Jou maat wil by jou kom kuier, maar ken nie die pad nie.

Gebruik die padkaart hieronder. Gee jou maat aanwysings hoe om jou huis te vind. Die aanwysings is van Hofstraat af na jou huis in Cohenstraat 10. Noem 'n paar straatname en bakens wat jou maat sal help om jou huis te vind. Skryf jou aanwysings puntsgewys neer.




[20]

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy is besig met jou Matriek eindeksamen. Dit is 'n baie stresvolle tyd.

Maak 'n dagboekinskrywing vir TWEE dae:

- Jou gedagtes / gevoelens die dag VOOR die eindeksamen.
- Jou gedagtes / gevoelens die dag NA die eindeksamen.

[20]



3.3 **UITNODIGING**

Jy word binnekort 18 jaar oud.

Ontwerp die uitnodigingskaartjie vir jou verjaarsdag partytjie.




[20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**